

# **DUET**

**- 'N RADIODRAMA -**

deur

**Deon Johnston**

Toestemming vir opvoerregte/kopiereg berus by:

DEON JOHNSTON (e-posadres: [deonjohnston@live.com](mailto:deonjohnston@live.com) )

# DUET

deur Deon Johnston

:

## DIE ROLVERDELING

1. STELLA : Stella is in haar vroeë veertigs en enkelouer vir Evette. Sy is vreeslik korrek in alles wat sy doen. Sy het 'n vêr pad geloop; baie seergekry, meestal omdat sy as kind en jong vrou baie oorgewig was. Sy het vir so lank geglo sy is 'n niks mens.
2. CHERYL : Cheryl is nie 'n mens nie. Sy is die stem van die ekstra kilo's om Stella / Evette se lyf. Sy is in alle opsigte die teenoorgestelde van Stella en/of Evette. Cheryl moet nie as n alter ego gesien word nie. Sy is egter alomteenwoordig en het 'n astrante wil van haar eie.
3. EVETTE : Evette is Stella se dogter. Sy is 20 jaar oud en is soos haar ma op daardie ouderdom, ernstig oorgewig. Haar gewig pla haar nie. Inteendeel, sy beskou haar potsierlike figuur as 'n aanwins. Sy gaan 'n bekende sangeres word, dit weet sy.
4. FRIKKIE : Frikkie het toeka al 'n ogie op Stella gehad toe hy as kroegman by die nagklub 'After Dark' gewerk het; waar Stella ook destyds gesing het. Dáárdie nag het ook Frikkie se lewe heeltemal verander. Frikkie is eintlik 'n bleeksiel. Hy ontdooi tog as hy iemand goed ken, maar andersins het hy nie veel vir vreemdelinge te sê nie.
5. MOIRA : Die nagklub 'After Dark' se eienaar en Stella se redding. Moira is Engels en is in haar vroeë sestig. Volgehoue laat nagte, jare-lank se rook en baie Gin & Tonics het hul merk op haar stem gelos. Sy is

nietemin steeds 'n sterk vrou; en het nooit haar sterk Engelse aksent verloor nie.

6. GERT : 'n Drinkebroer in die kroeg  
*Doebleer as Verhoogbestuurder (2 sinne)*
7. JAN : 'n Drinkebroer in die kroeg.  
*Doebleer as 10111 operateur (2 sinne)*
8. AANBIEDER: Manlike TV-aanbieder van die sangkompetisie.

**NOTA:**

*Waar ook al in die teks die byklank '**CHERYL GIGGEL**' aangedui word, word dit bedoel as 'n byklank (dus vooraf opgeneem) en dat dit nie lewendig op mik in die ateljee gedoen word nie. Daar is verskeie weergawes van hierdie byklank, bv. **CHERYL GIGGEL HARD,**  
**CHERYL GIGGEL STOUT, CHERYL GIGGEL UITSPATTIG, OF**  
**CHERYL GIGGEL SKAMERIG.** Deurgaans het die giggel-byklanke 'n magiese ondertoon; 'n surrealisme.*

**BYK : INLEIDINGSMUSIEK. BILLBOARD. KRUISDOOF MUSIEK DAN**

**NA 'n VROEGAAND STADSATMOSFEER IN DIEP A/G.**

1. STELLA : (VAN VÊR TOT OP MIK) So, wat is jou planne vir môre?
2. EVETTE : Niks spesifiek nie.
3. STELLA : Jy maak asof dit niks is nie.
4. EVETTE : Ek wil nie te opgewonde raak nie, Ma.
5. STELLA : Jy gaan op TV wees. En as jy die kompetisie wen - dis 'n hoop geld!  
Hoe lyk ek?
6. EVETTE : Classy. Soos altyd. Vir wat worry ma?
7. STELLA : Dankie. Dis belangrik dat ek goed lyk vanaand.
8. EVETTE : Vir wie nogal? Ek dog ma gaan uit op besigheid.
9. STELLA : Ja, ek gaan uit met niks-van-jou-besigheid-nie. Roer jou.

**BYK : PAKKIE AARTAPPELSKYFIES RITSEL**

10. STELLA : As ek laat is om jou te kom haal vanaand, wag net daar vir my. Ai, Evette, daar is vars slaai in die yskas.
11. EVETTE : Daar's nie tyd nie, Ma. Ons moet ry; ek is klaar laat. En as Ma my nou so kyk?
12. STELLA : Déjà vu, my kind. Jy is so 'n mooi meisiekind. Jy lyk by die dag meer na my toe ek jou ouderdom was. Sit neer daai chips toe.
13. EVETTE : (BEWEEG WEG) Nie nou nie, Ma.
14. STELLA : (ROEP AGTERNA) Die kamera sit 5 kilo's by.
15. EVETTE : (VAN VÊR) Ja, Ma.

**BYK : VANEFFE WEG KLAP N MOTOR KARDEUR TOE. CHERYL GIGGEL. DAN SLEUTELS WAT 'n HOUT DEUR SLUIT. DAN ENKELE HOËHAKSKOEN VOETSTAPPE OP TEËLS, MOTOR KARDEUR OOP EN TOE, ENJIN AAN EN MOTOR WAT VERTREK. TERUGFLITS: KRUISDOOF NOU MOTOR WAT IN VERTE VERDWYN MET DIE APPLOUS VAN ONGEVEER 100 GEESDRIFTIGE TOESKOUERS WAT TOT 'n EINDE KOM. 'n WOLWEFLUIT OF TWEE IS NIE ONGEPAS NIE. NAGKLUB / KROEG ATMOSFEER IN A/G.**

1. STELLA : (EFFE WEG EN OP LUIDSPREKER FILTER) Baie dankie! Julle is 'n wonderlike gehoor. Ek sien julle bietjie later weer.

**BYK : MIKROFOON KRINGFLUIT.**

2. JAN : Wow, dit was great. Sy't 'n paar longe aan haar!

3. GERT : Sê dit harder dat sy jou kan hoor, dude.

4. JAN : Ek sweer, dis seker drie kilo's elk. Come on, boet, dit moet ongemaklik wees.

**BYK : DOOF ATMOSFEER EFFE SAGTER. YS RINKEL IN 'n GLAS.**

5. STELLA : (VAN EFFE WEG TOT OP MIK. NOG UITASEM) Oe! Dankie, Frikkie.

6. FRIKKIE : Soos jy daarvan hou, met 'n snytjie suurlemoen oor die rand gekrul. Jy was great vanaand!

7. STELLA : Dis 'n fantastiese gehoor.

8. FRIKKIE : En jy lyk pragtig.

1. STELLA : Well, elke meisie moet 'n klein swart nommertjie hê. Dankie, Frikkie.  
Jy's lief.

**BYK : CHERYL GIGGEL. DOOF A/G ATMOSFEER EFFENS HARDER.**

2. GERT : Kyk hoe check daai barman haar uit.

3. JAN : Hy moet vir hom kry; sy sing great, maar ek kan nie so groot girl date  
nie.

**BYK : DOOF MAGIESE ONDERTOON IN. DOOF A/G ATMOSFEER  
SAGTER.**

4. FRIKKIE : Ek moet wikkkel, ons is besig vanaand.

5. STELLA : Oukei, ons praat later.

6. FRIKKIE : Ek wil jou dan iets vra.

7. CHERYL : Daai ou check jou uit.

8. STELLA : (FLIKFLOOI) Wat wil jy my vra, Frikkie?

9. FRIKKIE : (BEWEEG WEG) Nie nou nie. Later.

10. CHERYL : Moenie my ignoreer nie.

11. EVETTE : (GEDAGTESTEM) Dis nie moontlik om jou te ignoreer nie.

12. CHERYL : Kyk, daai twee ouens daar oorkant check jou uit. Smile.

**BYK : DOOF VINNIG DIE MAGIESE ONDERTOON UIT EN VERSKUIF  
PERSPEKTIEF NA JAN EN GERT TOE.**

13. JAN : Sy glimlag vir jou; sy like jou, boet. Ek dare jou, gaan chat haar op.

14. GERT : No ways!

15. JAN : Go Green, boet! Save the whales, harpoen 'n vet chick.

16. GERT : (HULLE LAG) Eet jy met daai bek?

17. JAN : Net vir die pret, man. Komaan! Jy hoef haar nie weer te sien nie.

1. GERT : Dis wreed.
2. JAN : Miskien laaaaik sy jou.
3. GERT : Moenie vir jou gek hou nie. (LAG) Oukei, maar nie 'n woord hieroor nie. Ek wetter jou.
4. JAN : Belowe. Nie 'n woord nie (HULLE LAG) Ja, right! Check, sy kyk vir jou. Sy smaak jou, boet. (LAG) Gaan!

**BYK : DOOF VINNIG DIE MAGIESE ONDERTOON WEER IN EN**

**VERSKUIF PERSPEKTIEF TERUG NA STELLA TOE. BEHOU DIE**

**MAGIESE ONDERTOON OP DIE AGTERGROND TOT EN MET**

**DIE EERSTE BYKLANK AANWYSING OP BLADSY 8.**

5. CHERYL : Hy kom hiernatoe. Leun vorentoe.
6. STELLA : (GEDAGTESTEM) Stop dit!
7. CHERYL : Krul dan net jou poniestert oor jou bors.
8. GERT : (VAN EFFE WEG TOT OP MIK) Naand. Jy's was great op die verhoog.
9. STELLA : Baie dankie.
10. CHERYL : Leun vorentoe!
11. STELLA : (GEDAGTESTEM) Sharrap!
12. STELLA : Ek's bly jy't die show geniet. Baie dankie.
13. GERT : My buddy daar oorkant; hy's so bietjie skaam. Hy vra of hy vir jou 'n drankie kan koop.
14. CHERYL : Sê nee. Die een is ouliker.
15. STELLA : (GEVLEIDE LAGGIE) Dis dierbaar van hom. Hy sal ongelukkig moet wag tot . . . (BREEK AF)

1. CHERYL : Wat maak jy? Smee sy yster terwyl dit warm is.
2. STELLA : Uhm. Hy sal moet wag tot ná my volgende set. (FLIRT) Jy kan solank vir hom sê my gunsteling drankie is 'n screwdriver.
3. GERT : 'n Screwdriver?
4. STELLA : Ja. CHERYL : Nee!

**BYK : ONS HOOR DIE (OORDREWE) KLANK VAN 'n GENAAIDE NAAT  
IN MATERIAAL WAT SKEUR / LOSTREK. DIS DIE SYNAAT VAN  
STELLA SE ROK WAT SKEUR.**

5. CHERYL : Sê nog een woord en jou rok skeur verder.
6. GERT : Ek is Gert, so by the way. My buddy is Jan.
7. STELLA : (GEDAGTESTEM) Jou bitch! (DAN SONDER GEDAGTESTEM) Dis lekker om jou te ontmoet. Sien ek jou ook weer later, Jan?

**BYK : NAAT SKEUR VERDER.**

8. CHERYL : Sit doodstil

**BYK : DOOF 'n HARTKLOP IN WAT VERSNEL EN IN VOLUME  
TOENEEM**

9. STELLA : (GEDAGTESTEM) Stop dit! Nee! Cheryl, asseblief!
10. CHERYL : Jy kan my nie net so ignoreer nie.
11. STELLA : (GEDAGTESTEM) Nou skeur jy my rok!
12. GERT : Is jy okay? (DAN BESEF HY WAT IS BESIG OM TE GEBEUR)
13. STELLA : Jy kan nie dit nie aan my doen dit nie!

**BYK : NAAT SKEUR NOG VERDER.**

14. GERT : Ek doen niks aan jou nie. Oh shit! Jou rok!

**BYK : CHERYL GIGGEL UITSPATTIG.**



1. GERT : (LAG UITBUNDIG)

2. STELLA : (BEWEEG WEG) Gee pad voor my!

**BYK** : **DOOF ATMOSFEER HARDER. BRING ADDISIONELE**

**LAGGENDE STEMME IN. VERMEERDER HARTKLOP VOLUME**

**TESAME MET CHERYL SE GE-GIGGEL EN DIE MAGIESE**

**ONDERTOON EN DRYF ALS TOT 'n KAKOFONIESE**

**CRESCENDO. KRUISDOOF ALLES DAN VINNIG NA STELLA SE**

**KLEEDKAMER OP DIE AGTERVERHOOG. RITMIESE MUSIEK**

**POLS IN DIEP A/G.**

3. MOIRA : There we go. The safety pins will hold front and back together. Drop your arm.

4. STELLA : (TRANERIG) Dankie. Kan ek asseblief vir Frikkie vra om my huis toe te vat?

5. MOIRA : We are very busy tonight. And what about your second set?

6. STELLA : Ek kan nie.

7. MOIRA : No, I suppose not.

8. STELLA : Kan Frikkie my vat? Dis nie vêr nie.

9. MOIRA : I'll ask him but he must be quick. Let's just first fix your mascara.

**BYK** : **BOTTEL TJIES KLINGEL IN HANDSAK.**

10. MOIRA : Here.

11. STELLA : Ek het, dankie.

12. MOIRA : Shame, and I've got nothing here I can give you that will fit.

13. STELLA : Roep net vir Frikkie vir my, asseblief.

1. MOIRA : Okay, but keep your arm down by your side. No-one will see anything.

**BYK : DOOF ALS UIT VIR 'n OOMBLIK EN DOOF DIT DAN WEER IN.**

2. STELLA : Vat my huis toe, asseblief, Frikkie. Moira het gesê ek kan gaan.

3. FRIKKIE : Ek kan nie nou nie, Stella.

4. STELLA : Asseblief, Frikkie.

5. FRIKKIE : Ek kan nie bekostig om tips te verloor nie. Bel jou ma. Kan sy jou nie kom haal nie?

6. STELLA : (SKAARS HOORBAAR) Sy is nie meer nugter teen die tyd nie. (DAN HARDER) Ek sal later vir haar 'n boodskap stuur dat ek laat sal wees. Sy kan nie sien hoe peul ek uit my rok uit nie. Een vernedering vir die aand is genoeg.

7. FRIKKIE : Weet jy waar is die staf woonstel?

8. STELLA : Ja, Frikkie.

9. FRIKKIE : Daar is nou niemand daar nie. Ek sal vir Moira die sleutels vra; gaan sit daar; maak vir jou koffie; kyk TV en as ek van skof afkom dan vat ek jou huis toe.

10. STELLA : Rêrig? Ernstig, Frikkie?

11. FRIKKIE : Ja. Maar wag net hier. Ek kry gou my baadjie; dan knyp jy dit onder jou arm vas as ons uitstap.

**BYK : DOOF 'n PAAR LAGGENDE STEMME BY EN DOOF DIE POLSENDE AGTERGRONDMUSIEK HARDER. KRUISDOOF DAN NA EVETTE IN DIE BADKAMER VAN DIE STAF WOONSTEL, MET DIE MAGIESE ONDERTOON IN DIEP A/G. VERMINDER DIE**

**MAGIESE ONDERTOON GELEIDELIK EN DOOF DIT UIT**

**TESAME MET DIE BYKLANK AANWYSING NA SPREEKBEURT**

**14 OP BLADSY 11.**

1. STELLA : Almal het gelag.
2. CHERYL : Dit was snaaks.
3. STELLA : Ek is verneder; en bes moontlik my job kwyt.
4. CHERYL : Jy het dit als aan jousef gedoen.
5. STELLA : Jy! Jy het my rok geskeur.
6. CHERYL : Jy wou nie luister nie.
7. STELLA : Jy versmoor my.
8. CHERYL : Hoekom sal ek dit doen?
9. STELLA : Jy is 'n parasiet!
10. CHERYL : Stella, Stella, Stella. Sonder my is jy niks. Ek is die vermaak.
11. STELLA : Jy is 'n vuilbek tert! 'n Gewone hawe hoer!
12. CHERYL : Ek is niks wat jy nie is nie.
13. STELLA : En jy is niks sonder my nie.
14. CHERYL : Nou sê dan vir my koebaai – as jy die guts het. Is jy reg om te sien wie jy werklik is, Stella?
15. STELLA : Gaan net weg!
16. CHERYL : Sê koebaai.
17. STELLA : Ek moet eenvoudig net leer om jou te ignoreer.
18. CHERYL : Jy weet dit werk nie. Sê koebaai!
19. STELLA : Blah, blah, blah, blah . . . (BREEK AF)
20. CHERYL : Sê koebaai, Stella!

1. STELLA : Blah, blah, blah, blah . . . (BREEK AF)
2. CHERYL : Jy kan dit nie doen nie. Vaal Stellatjie is te pateties; te bang niemand hou meer van haar nie.
3. STELLA : Hoekom doen jy dit aan my?
4. CHERYL : Want jy is 'n leuenaar en 'n bedrieër. Ek haat leuenaars en bedrieërs.
5. STELLA : Is ek van my kop af?
6. CHERYL : Wie staan voor 'n spieël en praat met die vetrolle om haar lyf?
7. STELLA : Jy walg my!

**BYK : LIGTE KLOP AAN DEUR.**

8. FRIKKIE : (VAN VÊR) Is jy oraait daar binne?
9. CHERYL : Ek walg nie vir Frikkie nie.
10. STELLA : Frikkie stel nie so in my belang nie.
11. CHERYL : Genade, maar jy is onnosel! Maak oop jou oë. Sy lus sleep op die grond.
12. FRIKKIE : (VAN VÊR. ROEP) Stella!
13. STELLA : Ek kom. (SNUIF)

**BYK : KRAAN OOP. WATER RITSEL EN SPOEL AF IN WASBAK.**

**KRAAN TOE. DAN VOETPEDAALASBLIK SE DEKSEL WAT**

**OOP, EN DAN WEER TOE MAAK.**

14. CHERYL : Ons sal sien wie wen.

**BYK : BADKAMERDEUR OOP. DOOF MAGIESE ONDERTOON UIT.**

15. STELLA : Dankie. As jy reg is kan ons maar ry.
16. FRIKKIE : Bly nog 'n rukkie.
17. STELLA : Ek kan nie, Frikkie.

1. FRIKKIE : Jy het mos laat weet jy sal laat wees.
2. STELLA : Ek wil net by die huis kom, die rok verbrand en myself aan die slaap huil. Wat maak jy?
3. FRIKKIE : Shhh. Ek vat die eina weg. (SPEELS) Haakspelde maak makliker as 'n bra los.
4. STELLA : Moenie met my mors nie, Frikkie.
5. FRIKKIE : Ek mors nie met jou nie. Ek sal dit nooit aan jou doen nie. Dis hier waar die eina is. Kom ek soen die eina weg. (SOEN)

**BYK : CHERYL GIGGEL IN DIE VÊRTE.**

6. FRIKKIE : En nog een hierso. (SOEN)
7. STELLA : Frikkie, moenie.
8. FRIKKIE : Dis oraait, Stella.
9. STELLA : (BEGIN SPREEKBEURT OP GEDAGTESTEM MAAR DOOF GEDAGTESTEM UIT SODAT DIE WOORDE 'Hou net op!' SONDER GEDAGTESTEM IS) Ek kan nie meer nie. In Hemelsnaam, hou net op!
10. FRIKKIE : Oukei. Oukei!
11. STELLA : Jammer. Ek is een groot eina vanaand, Frikkie.
12. FRIKKIE : Ek weet dit. Kan ek jou dan maar hier soen, Stella? Kan ek jou mond vra om jou hart vertel hoe begeerlik jy vir my is?
13. STELLA : My hart en my mond praat verskillende tale. Humpty Dumpty het geval.
14. FRIKKIE : Jy's g'n Humpty Dumpty nie.
15. STELLA : Ek is. Ek sal nooit weer sing nie.

1. FRIKKIE : Jy sal.
2. STELLA : Ek sal nie.
3. FRIKKIE : Sing vir my.
4. STELLA : Frikkie.
5. FRIKKIE : (SAGGIES, AMPER PREWELEND) Sing vir my. Sing vir my, Stella.
6. FRIKKIE : Shhhh. (HULLE SOEN)

**BYK : BEGIN MUSIEKBRUG STADIG IN TE DOOF**

7. STELLA : (SO TUSSEN DIE SOEN DEUR) Wat wil jy hoor, Frikkie?
8. FRIKKIE : Dit.

**BYK : RITSSLUITER.**

9. STELLA : (SNAK NA ASEM. KORT; VINNIG) (*ad lib*)

**BYK : DOOF MUSIEKBRUG HARDER, HOU DIT VIR 'n OOMBLIK EN  
KRUISDOOF ALS DAN NA 'n RESTAURANT ATMOSFEER MET  
LIGTE ROMANTIESE MUSIEK IN DIEP A/G. GLASE EN/OF  
EETGEREI KLINGEL DEURENTYD.**

10. STELLA : Daar was 'n tyd dat ek jou vir als wat verkeerd was in my lewe blameer het.
11. FRIKKIE : Wat het dit verander?
12. STELLA : Ouer word. Ek het die helfte van die tyd nie meer geweet hoe dit is om net myself te wees nie. Ek was bang om te voel, kwaad te word, of selfs om depressief te wees, of om emosie soos enige ander mens te wys.
13. FRIKKIE : Ek weet wat jy bedoel. Hoe het jy so maer geword?

1. STELLA : Toe? Ek het ophou eet. Letterlik. Moira se haakspelde daardie nag het brandmerke op elke rol om my lyf gebrand. Ek kon nie na myself kyk in 'n spieël nie. My lyf het my gewalg. Maar nie vir jou nie.
2. FRIKKIE : Ek hou steeds nie van maer vroue nie. Ek het opgehou om om verskoning te vra daarvoor. Sit jou hand op my knie.
3. STELLA : Ek doen g'n so ding nie!
4. FRIKKIE : Asseblief. Gee my jou hand. Hierso.
5. STELLA : (VERBALISEER DIE VERRASSING) (*ad lib*)
6. FRIKKIE : Dis 'n prostese. Het jy rêrig nog niks agtergekom nie?
7. STELLA : Nee. Wanneer?
8. FRIKKIE : Paasnaweek tien jaar terug. Die ongeluk het die Vrydagoggend gebeur en Maandagmiddag is my been net hier, bokant die knie afgesit.
9. STELLA : Hoekom?
10. FRIKKIE : Dis 'n lang storie vir ander dag. Ek weet hoe dit voel om soos 'n frats te voel.
11. STELLA : Ek is so jammer.
12. FRIKKIE : Waaroor is jy jammer, Stella?
13. STELLA : Dat dit met jou gebeur het.

1. FRIKKIE : Ek weet presies hoe dit voel om nie na jouself in 'n spieël te kyk nie. Wie wil 'n cripple vir 'n man hê? Ek ken self-haat en daai hopelose opgee plek; dieselfde as jy, ek ken die konstante kritiese stem; dieselfde as jy, ek ken vrees; dieselfde as jy. Ek ken verwerping. Ons is dieselfde, Stella; ek en jy. Ek verstaan meer as wat jy dink; het destyds al.
2. STELLA : Maar hoekom is jy weg?
3. FRIKKIE : Jy't my dan weggestoot, Stella.
4. STELLA : Dit was nie net vir jou nie.
5. FRIKKIE : Wat moes ek doen?
6. STELLA : Ek weet. Ek weet hoe is jy's gespot oor my.
7. FRIKKIE : Dit was dronk manne in 'n kroeg. Jy dink tog nie dis hoekom ek weg is nie?
8. STELLA : Vir lank het ek.
9. FRIKKIE : Dis nie so nie.
10. STELLA : Ek besef dit nou, maar toe was ek twee verskillende mense, Frikkie.
11. FRIKKIE : Ek is jammer.
12. STELLA : Waaroor is jy jammer?
13. FRIKKIE : Dinge moes so anders gewees het.
14. STELLA : Hoe?
15. FRIKKIE : 'n Huis, 'n kar, twee en 'n half kinders. Ek is nooit getroud nie.
16. STELLA : Ek ook nie.
17. FRIKKIE : Daardie nag het nie net jou lewe verander nie, Stella.
18. STELLA : Nee, dit het nie.



**BYK : TERUGFLITS: KRUISDOOF NA NAGKLUB MET STEMME EN**

**DOEF-DOEF MUSIEK IN DIEP A/G.**

1. JAN : Frikkieeee!
2. GERT : Wat drink jy, ou maat?
3. FRIKKIE : Water.
4. JAN : Kom nou, Frikkie. 'n Ou enetjie op my.
5. FRIKKIE : Ek is aan diens.
6. GERT : Nou dan drink ons op jou gesondheid.
7. FRIKKIE : Niks fout met my gesondheid nie.
8. JAN : Duidelik nie. Jy's 'n man met stamina, Frikkie. (HULLE LAG)  
Komaan, enetjie saam met ons.
9. FRIKKIE : Refill?
10. JAN : Ja. Doubles! (POUSE) Haai, Frikkie, wat is 'n screwdriver?
11. GERT : Shut up, dude. Dis vodka en lemoensap.
12. JAN : Screw (GIGGEL) driver
13. GERT : Skroef boet. (HULLE LAG)
14. FRIKKIE : (BEWEEG VINNIG IN VAN WEG TOT OP MIK) Ses en dertig rand  
tagtig.
15. GERT : Chill, Frikkie. Ons trek jou net jou siel uit. Hou die kleingeld.
16. JAN : Jy's 'n rakker, boet.
17. GERT : Ons drink op Frikkie. 'n Rakker; 'n Rollerakker!
18. JAN : Volfiguurbrigadier! (HULLE LAG HISTERIES)
19. MOIRA : (VAN EFFE WEG TOT OP MIK) Gentlemen, please finish you drinks  
and leave.

1. JAN : Nee dankie. Ons kuier lekker.
  2. MOIRA : I'm not asking, I'm saying.
  3. GERT : En wie is jy?
  4. MOIRA : I'm the manager. Please leave!
  5. GERT : Wat doen ons?
  6. MOIRA : I'm only asking you one more time to leave.
  7. JAN : En as ons nie wil nie.
  8. MOIRA : Then I'll ask those nice gentlemen over there to bring me a kneecap from each of you - after they've thrown you out.
  9. JAN : (HY WIL NOG IETS SÊ) . . . (*ad lib*)
  10. GERT : Shut-up, Jan. Kom ons waai.
  11. JAN : (BEWEEG WEG) Maar sy't gesê ons kan ons drankies klaarmaak.
  12. GERT : (EFFE WEG) Die plek is anyway 'n grap.
  13. JAN : (VAN VÊR) Lag ek miskien?
  14. GERT : (VAN VÊR) Kom!
  15. FRIKKIE : (PROJEKTEER / ROEP) Moira!
  16. MOIRA : (VAN EFFE WEG) Oh, just grow a pair, Frikkie.
- BYK : KRUISDOOF TERUG NA DIE RESTAURANT ATMOSFEER.**
17. FRIKKIE : Ek moes ses-uur begin werk het. Ek het alle intensies gehad om te gaan werk, maar ek het nie. Dit het so saggies gereën. Ek het in my kar geklim en net gery. Toe die son opkom toe's ek in Durban.
  18. STELLA : Dis eers na jy weg is dat ek begin siek word, het.
  19. FRIKKIE : Wat was fout?

1. STELLA : (EFFENS SARKASTIES) In die oggende. Ek het met tye tot tien dae aaneen niks geëet nie, maar ek het net al hoe groter geword. En toe ek begin naar word in die oggende was dit my ma wat twee en twee bymekaargesit het. Ek was dom. Ek was 'n maagd, Frikkie.
2. FRIKKIE : Frik. Waarvan praat jy?
3. STELLA : Ek het gehoop ek kom nooit by hierdie dag uit nie.
4. FRIKKIE : Stella?
5. STELLA : Jy het 'n dogter, Frikkie.
6. FRIKKIE : Ek het 'n wat?
7. STELLA : Jy het verdwyn. Ek het naderhand geld geleen om na jou te soek.
8. FRIKKIE : Ek het op die bote gaan werk!
9. STELLA : Jy was weg! Ek het opgegee.
10. FRIKKIE : 'n Dogter?
11. STELLA : Evette. Sy lyk nes ek – op daai ouderdom.
12. FRIKKIE : Bedoelende?
13. STELLA : Sy is ernstig oorgewig nes ek was, maar sy's pragtig.
14. FRIKKIE : Ongelooflik! Jy spoor my na twintig jaar op om my te vertel ek het 'n dogter, maar waarsku, pas op, sy is vet, so bietjie van 'n 'factory reject'. Mooi, maar vet.
15. STELLA : Dis nie wat ek gesê het nie.
16. FRIKKIE : Jou hart is steeds diep begrawe, Stella. Jy vra steeds om verskoning vir wie en wat jy is. Maak nie saak hoe maer jy geword het nie.
17. STELLA : Sy sing soos 'n engel.
18. FRIKKIE : Hoekom my nou opsoek en vertel ek het 'n kind?

1. STELLA : Het jy ooit na my gesoek?
2. FRIKKIE : Ek het nie geweet jy is swanger nie!
3. STELLA : Dis irrelevant.
4. FRIKKIE : (SAGGIES) Nee, ek het nie.
5. STELLA : Want jy het weggehardloop van die 'fat girl' af. So moenie my nou beskuldig van skaam wees vir vetrolle nie.
6. FRIKKIE : Dis nie regverdig nie en jy weet dit.
7. STELLA : Evette doen baie goed vir haarself. Ek dink sy is gelukkig. Sy gaan op Suid-Afrika Het Talent wees.
8. FRIKKIE : Weet sy van my?
9. STELLA : Bitter min. Ek was vir baie lank baie kwaad vir jou, Frikkie.
10. FRIKKIE : Dis Frik, Stella. Waar is sy?
11. STELLA : Hier. Sy sing vanaand by After Dark.
12. FRIKKIE : After Dark? Jy is nie ernstig nie.
13. STELLA : Jy sal die plek nie herken nie. Omtrent n jaar na Evette gebore is het Moira die klub by daai mislike Viviers man gekoop en. . . (BREEK AF)
14. FRIKKIE : Moira, Moira?
15. STELLA : Einste Moira. Sy het vir my permanente werk aangebied en ek's steeds daar.
16. FRIKKIE : En Evette sing daar?
17. STELLA : Ja. Sy't in die klub grootgeword.

**BYK : KRUISDOOF NA NAGKLUB. DAAR IS POLSENDE MUSIEK IN**

**A/G.**

1. STELLA : Ek het gesweer ek sal nooit weer sing nie.
2. MOIRA : Evette wil hê jy moet saam met haar sing omdat sy lief is vir jou.
3. STELLA : Ek weet dit. Hoe lief ek ook al vir haar is, sy is na alles die rede hoekom ék opgehou het.
4. MOIRA : There is no such thing! Evette is nie die rede nie.
5. STELLA : Sy is, Moira! Maar dit maak my nie minder lief vir haar nie. Sy is my kind.
6. MOIRA : Sing dan saam met haar!
7. STELLA : Ek kan nie.
8. MOIRA : Jy kan. You have come so far en dis hoekom Evette is so proud of you.
9. STELLA : Ons lyk soos 'n Bio-Slim before and after advertensie langs mekaar.
10. MOIRA : Hoor jy wat jy sê?
11. STELLA : Ja, Moira. Ek hoor wat ek sê. Ek is jaloers op my eie kind!
12. MOIRA : Jy moet nooit weer daardie woorde sê nie. Do you hear me, Stella!  
Nooit ooit weer nie!
13. STELLA : Dit was my droom een tyd, Moira.
14. MOIRA : 'n Bubble wat gebars het. Jou probleem, Stella, is dat jy nie wil toelaat dat iemand jou bubble se nat kol van die vloer opvee. Dit lyk jy wil hê Evette moet trip.
15. STELLA : Kyk na haar! My verlede speel soos 'n fliel voor my af en ek kan niks daaraan doen nie.
16. MOIRA : That gorgeous girl is nie jou storie nie.

1. STELLA : Dit is. Ek ken my kind. Dis 'n front wat jy daar sien.
2. MOIRA : Jy het haar in 'n bubble grootgemaak hier . . . (BREEK AF)
3. STELLA : Ons het haar in . . . (BREEK AF)
4. MOIRA : Jy het, Stella! I was there to hold her when she cried when mommy wouldn't come out of her room. I was there when you were in and out of the clinics; ek het haar gebad; ek het haar . . . (BREEK AF)
5. STELLA : Ons het vir haar gelieg!
6. MOIRA : Nee, Stella. Dis JY wat het vir haar gelieg en dit steeds doen. Kyk na haar! Listen to her! Kyk! Hoor hoe reageer die mense.
7. STELLA : Omdat sy 'n kreatuur van haarself maak!
8. MOIRA : Why, Stella? Why is she hiding under all that glitter?
9. STELLA : Sy's nie immuun teen seerkry nie. Ek freak uit, Moira.
10. MOIRA : En jy gee haar die skuld?
11. STELLA : Ek weet nie! Ek het vir Frikkie opgespoor.
12. MOIRA : Jy het wat?
13. STELLA : Ek het vir Frikkie opgespoor.
14. MOIRA : Nee, as jy nie op my skree nie kan ek jou nie hoor nie. Kom staan bietjie eenkant toe.

**BYK : DOOF A/G EFFE SAGTER.**

15. MOIRA : Jy het wat gedoen?
16. STELLA : Ek het vir Frikkie opgespoor. Hy is hier – in die dorp.
17. MOIRA : Weet Evette?
18. STELLA : Nee, nog nie. En moenie vir haar sê nie.
19. MOIRA : Oh my giddy aunt!

1. STELLA : Ek het hom gisteraand gesien.
2. MOIRA : Can this night get any better?
3. STELLA : Hy het baie verander. Ek sou in die straat by hom verbystap en. . .  
(BREEK AF)
4. MOIRA : En wat is sy excuse?
5. STELLA : Hy het nie geweet ek is swanger nie.
6. MOIRA : (POUSE) That is no excuse!. Hy het jou net so gelos en weg gegaan met nie 'n word nie.
7. STELLA : Ons het lank gesels.
8. MOIRA : Oor wat nogal?
9. STELLA : Als
10. MOIRA : En Evette?
11. STELLA : Natuurlik. Hy was eers kwaad. Hy wil haar ontmoet.
12. MOIRA : No!
13. STELLA : Dit sal Evette se besluit wees of sy hom wil ontmoet of nie.
14. MOIRA : Over my dead body!
15. STELLA : Jy - ons kan haar nie keer nie.
16. MOIRA : Stella, ek het nog nooit hierdie vir jou gesê nie, but if it wasn't for me. Evette wouldn't be here today; ek is in many ways soveel 'n ma vir daardie kind as wat jy is. Jy kan nie haar nou voor die kompetisie vertel haar deadbeat daddy wants to slip in by the back door.
17. STELLA : Ek weet dit.

1. MOIRA : I'm not picking up the pièces again, Stella. Jy maak jou Pandora se box oop, maar asseblief, jy los Evette daarúit. Not now. Sy is deur genoeg.
2. STELLA : Vir nou sal niemand iets sê nie. Hy wil haar net ontmoet.
3. MOIRA : Ek sien niks goed hieruit kom nie.
4. STELLA : Hy is nie meer dieselfde Frikkie nie. Vaderland, ons almal verander, Moira. Ek is ook nie meer dieselfde, Stella nie.
5. MOIRA : A leopard never changes it's spots. Waar was hy?
6. STELLA : Hy't op die skepe gaan werk.
7. MOIRA : 'n Matroos!
8. STELLA : Kroegman op die passasierskepe.
9. MOIRA : 'n Matroos.
10. STELLA : Tien jaar terug het hy sy linkerbeen in 'n ongeluk verloor; dis afgesit net bo die knie.
11. MOIRA : Hulle moes iets anders afgesit het,
12. STELLA : Hy loop met 'n prostese. Hy het uitgevra oor jou.

**BYK : KRUISDOOF NA 'n OGGEND BINNENSHUISE ATMOSFEER.**

**STADSGELUIDE IN DIEP A/G**

13. EVETTE : Ons wens ons het so n lyf gehad, of ons is bly ons het nie so lyf nie. Ons almal oordeel onself en ander oor hoe ons lyk, I get it.
14. FRIKKIE : Moenie al die beoordelaars se opmerkings kop toe vat nie. Dis die publiek se stem wat tel.
15. EVETTE : (OPGEWONDE) Dit is nè? Kan jy dit glo? Ek's in die semi-finaal. Weet jy wat dit vir my gaan beteken as ek wen?



1. FRIKKIE : Al wen jy nie, gisteraand het jou toekoms op daai verhoog oop gekerf.
2. EVETTE : Ek het nogal, nè?
3. FRIKKIE : Die publiek is mal oor jou. Onthou net eerlikheid. As ons self oordeel sien ons nie die mooi nie; hoeveel ons eenders is nie. Moet dit nooit verloor nie, want dis wie jy is en hoekom die publiek so gek is oor jou.
4. EVETTE : My ma bly glo mense sien net die karakter wat ek geskep het. Hulle sien my nie. Al wat hulle sien is dit en hulle weet nie wat om te doen of wat om te sê nie.
5. FRIKKIE : Jou ma is reg, want dit gebeur in n oogwink ne? Die wegkyk.
6. EVETTE : En die vals smiles.
7. FRIKKIE : Met die houtbeen probeer mense ordentlik wees; nie te staar nie. Ignoreer my dan eerder heeltemal.
8. EVETTE : Nee, ek weier. Dit pla my. Dat daar mense is wat my nie eers n kans wil gee om gesien of geken te wees verby die liggaam nie. Niemand ignoreer my nie. Ek gaan wen!
9. FRIKKIE : G'n twyfel daaraan nie.
10. EVETTE : Jy's nogal oukei, weet jy?
11. FRIKKIE : Ek sal settle vir 'oukei'.
12. EVETTE : Jy's goed vir my ego. En duidelik goed vir my ma ook.
13. FRIKKIE : Julle verdien dit.
14. EVETTE : Ek het niks gedoen nie.

1. FRIKKIE : Jy't nie nodig om iets te doen nie. Ek's mal oor jou. Jy lyk soveel soos jou ma gelyk toe sy jou ouderdom was.
2. EVETTE : Moenie jy ook daarmee begin nie; ek hoor dit elke dag. Daarom verstaan ek nie hoekom sy nie die duet met my wil doen nie.
3. FRIKKIE : Sy het baie lank laas gesing.
4. EVETTE : Sy sing elke dag. (TERG) En deesdae duidelik al hoe meer.
5. FRIKKIE : Professioneel gesing.
6. EVETTE : Ek gaan aanhou nâg. En jy moet help.
7. FRIKKIE : Moenie te hard druk nie.
8. EVETTE : Miskien sal sy my eendag vertel hoekom sy rêrig opgehou sing het. Stukkies van my ma se puzzle is weg. Aunty Moira vertel altyd hoe fantasties my ma was.
9. FRIKKIE : Sy was.
10. EVETTE : Jy't haar hoor sing?
11. FRIKKIE : Ek was daar die laaste aand.
12. EVETTE : En?
13. FRIKKIE : Sy was wonderlik. Sy't so skouerlose swart nommertjie gedra. Haar hare in n poniestert. Ek verstaan al hoe meer wat jou ma bedoel. Dis freaky; selfs julle mannerismes. Ek wou haar daardie aand al uit gevra het.
14. EVETTE : Hoekom het jy nie?
15. FRIKKIE : Dinge het net anders uitgewerk.

**BYK : APPOUS VAN 'n GROOT SKARE, WOLWEFLUITE, MEISIES**  
**WAT SKREE ENSOVOORTS, ENSOVOORTS. HOU APPOUS**  
**TOT NÁ SPREEKBEURT 12 EN EINDIG DIT DAN.**

1. AANBIEDER: (WEG) Evette, dames en here!
2. AANBIEDER: Dit was wonderlik.
3. EVETTE : (UITASEM) Baie dankie.
4. AANBIEDER: Die beoordelaars vanaand 'n bietjie hard op jou.
5. EVETTE : Volgende week is die finaal en dit raak nou rof daar buite.
6. AANBIEDER: En vir die bedryf het mens 'n dik vel nodig.
7. EVETTE : Ek werk daaraan.
8. AANBIEDER: Dink jy die beoordelaars was geregverdig in hul kritiek?
9. EVETTE : Ek dink definitief ek breek stereotipes, ja. Dankie, Simon. (GIGGEL)

**BYK : APPOUS EN WOLWEFLUITE UIT GEHOOR**

10. EVETTE : My song-keuse was miskien 'n waagstuk, maar om die verskil tussen my en die oorspronklike kunstenaar se fisieke voorkoms as kritiek te gebruik is dalk 'n bietjie onregverdig.
11. AANBIEDER: Vanwaar die ongewone spelling van jou naam; en dan net jou voornaam? Wil jy 'n diva wees?
12. EVETTE : Ek is reeds een.
13. AANBIEDER: En net 'n diva kan sê. "As 'n vetrol wys, gooi glitter daarop."
14. EVETTE : (GIGGEL) Hoe anders tert ek die potsierlike lyf op?
15. AANBIEDER: Jy skroom nie om met jouself te spot nie?

1. EVETTE : Nee. As kind is ek ongenadiglik gespot en gebully. Ek het vroeg al geleer om met myself te spot. Dit was 'n coping meganisme – nou's dit my calling-card.

**BYK : WOLWEFLUITE UIT DIE GEHOOR.**

2. AANBIEDER : Een van die beoordelaars het so vêr gegaan om te sê hy's nie seker of jy hier is om sosiale kommentaar te lewer, of om 'n sangkompetisie te wen nie.

3. EVETTE : Beide. Ek is hierdie stem pasella gegee. Dis 'n kroniese konneksie met wie ek hier binne-in is. Waarvan die hart van vol is, loop die mond eenvoudig van oor.

4. AANBIEDER : Op 'n pragtige manier, mag ek sê.

5. EVETTE : (GIGGEL) Dankie.

6. AANBIEDER : En mense vind aanklank by wat jy sê – regoor die spektrum heen.

7. EVETTE : Veral jonger vroue begin toenemend besef hoe belaglik die beeld is wat deur die mode- en media industrie voorgehou word van wat 'n vrou is en hoe sy moet lyk. Dis uitgedien.

8. AANBIEDER : En nie net vroue sê so nie.

9. EVETTE : Genade, nee! Jy moet sien wat twiet die manne.

10. AANBIEDER : (LAGGIE) Dis n gesinsprogram! Hoeveel volgelinge het jy nou?

11. EVETTE : Vanoggend net so oor die honderd-en-twintig duisend.

12. AANBIEDER : Daar het julle dit dames en here. Evette!

**BYK : APPOUS, WOLWEFLUITE EN DIES MEER.**

13. AANBIEDER : As Evette jou keuse is om Suid-Afrika Het Talent te wen SMS dan nommer 1 na 3459. Die lyne sluit om . . .

**BYK : DIE PERSPEKTIEF BLY BY EVETTE SOOS WAT SY DIE**  
**VERHOOG VERLAAT. DOOF DUS APPOUS EN AANBIEDER**  
**SAGTER EN DOOF n KANTVERHOOG ATMOSFEER MET**  
**STEMME EN 'n GEWERSKAF IN OP DIEP A/G.**

1. EVETTE : (GIL / SKREE VAN OPGEWONDENHEID) Eeeee!
2. MOIRA : (VAN EFFE WEG TOT OP MIK) You were fantastic!
3. STELLA : My kind, jy was ongelooflik!
4. EVETTE : Dis so exciting, Ma! Aunty Moira! Frik, jy't dit gemaak!
5. FRIKKIE : Ek het mos belowe.
6. EVETTE : Wat 'n experience! Het Ma daai crowd gehoor?
7. STELLA : Ek het! Ek het!
8. MOIRA : That is your future, my darling!
9. EVETTE : (GIL WEER OPGEWONDE) Eeee! Selfie tyd. Kom, maak 'n groepie.  
Nee, kom staan Ma hier langs my. Frik die kant.
10. FRIKKIE : (SPEELS) Sy was myne voor sy joune was.
11. STELLA : Frikkie!
12. EVETTE : Frikkie nogal?
13. MOIRA : (VINNIG) En jou aunty Moira, hierso. Smile vir die kamera.

**BYK : KAMERA FLITS EN STEMME OP DIE AGTERGROND.**

14. EVETTE : (ONGEDULDIG EN MEER VIR HAARSELF) Oukei, Oukei.
15. MOIRA : Wie is daai man?
16. EVETTE : Dis die verhoogbestuurder. Ons moet af beweeg.
17. FRIKKIE : Wat gebeur nou?

1. EVETTE : Nou wag ons tot die stemme in is. (ERG OPGEWONDE) Oor 'n uur kan ek in die finaal van SA Het Talent wees. Besef julle dit?
2. MOIRA : Oooh, this is so exciting.
3. EVETTE : Gaan julle solank aan, Ma. Ek kry julle in die Greenroom. Aunty Moira, sal jy my gou kom help?
4. MOIRA : With what, dear?
5. EVETTE : Kom gou saam met my kleedkamer toe. Ons kry ma-hulle in die Greenroom.
6. STELLA : Konkel julle twee?
7. MOIRA : Moenie vir my so kyk. Ek weet niks van dit.
8. EVETTE : Ek ontvoer gou vir Aunty Moira. Ons moet beweeg – volg daai vrou. Sien ma-hulle nou-nou. (BEWEEG WEG) Ignoreer die kameras. Pasop vir die kables, Seerower!

**BYK : KRUISDOOF NA EVETTE SE KLEEDKAMER. STEMME**

**HOORBAAR IN DIE GANG. DIS BESIG.**

9. MOIRA : Daardie female judge was a bit harsh.
10. EVETTE : Susan Whitely is net 'n bitch, Aunty Moira. Maar dis nou uit hulle hande uit. Die publiek se stem tel nou.
11. MOIRA : I don't like her. Hoekom hulle altyd moet nasty wees.
12. EVETTE : Dis deel van die game. Water van 'n eend se rug af.
13. MOIRA : Back in my day. . . (BREEK AF)
14. EVETTE : . . . het meisies nie eers poep gesê nie.
15. MOIRA : Evette!

1. EVETTE : Dit is so! As ek dit nou-nou maak tot die finals is my pad oop voor my. Elke finalis kry 'n song wat as hy, of sy, wen, as 'n single uitgegee word. Ek wil my ma vra om my backing vocals te sing in my volgende insetselonderhoud.
2. MOIRA : Moenie jou ma te veel pressure nie. Stadig met die glitter.
3. EVETTE : (FRUSTREERD) Hoekom nie?
4. MOIRA : Wanneer die tyd reg is.
5. EVETTE : Wanneer is dit? Daar is niks fout met my ma se stem nie.
6. MOIRA : Dit gaan nie oor haar stem nie, dit gaan oor haar kop, Evette. Jy weet dit.
7. EVETTE : My ma is twee-en-veertig! Sy is oor haar issues. Sy's gorgeous.
8. MOIRA : Maar nie reg vir die limelight nie.
9. EVETTE : Ek gaan vra. Die publiek sal mal wees daaroor.
10. MOIRA : Ek vra jou, moenie.
11. EVETTE : Ek kan dit net doen as ek weet hoekom nie, Aunty Moira.
12. MOIRA : Nie op kamera nie.
13. EVETTE : Sy is my ma en die rede hoekom ek hier staan vanaand. Ek is trots op haar. Ek wil vir haar dankie sê.
14. MOIRA : Ai-jai-jai-jai-jai!
15. EVETTE : Aunty Moira?
16. MOIRA : Daar is dinge wat jy nie van weet nie, Evette.
17. EVETTE : Watse dinge?
18. MOIRA : Ek hou nie by met julle jongmense nie. Ek het gehoop die dag kom nooit.

1. EVETTE : Aunty Moira!
2. MOIRA : Ek moes niks gesê het nie.
3. EVETTE : Te laat.
4. MOIRA : Alright, you win this competition and I will tell you.
5. EVETTE : Vertel my nou.
6. MOIRA : Nie nou nie. I promise, I will tell you, but not now.
7. EVETTE : Is dit bad news?
8. MOIRA : Not at all, my darling child. Dit mag dalk net goed wees dat jy weet.

Dis genoeg glitter, kom, jou fans wag vir jou. Ek wag buite vir jou.

**BYK : KLEEDKAMER DEUR OOP. DOOF MAGIESE ONDERTOON IN.  
CHERYL GIGGEL. DIE DEUR MAAK TOE.**

9. EVETTE : Ek weet nie wie of wat jy is nie. Wat soek jy? Geld? Sorry bitch, verkeerde persoon! Ek weet nie wat jy wil hê nie, maar ek gaan jou soek en ek gaan jou kry. Ek het 'n leeftyd se vaardighede aangeleer om jou uit te haal.

10. CHERYL : (LAG. EUWEL) (*ad lib*)

**BYK : DOOF 'n EGGO OP CHERYL SE GELAG IN, DOOF DIT DAN  
HARDER EN DOOF DAN ALS REDELIK VINNIG UIT. DOOF NOU  
'n OGGEND BINNENSHUISE ATMOSFEER IN OP A/G. DIS DIE  
VOLGENDE OGGEND BY STELLA SE HUIS.**

11. STELLA : (VAN VÊR) Ons sal dit hanteer.
12. EVETTE : Julle twee -'Verspeelde Lente'.
13. STELLA : Kyk na jousef. Dankie,. Ja, ek sê vir haar.
14. EVETTE : En die ridder op sy wit perd is toe eintlik n seerower met n hout been.



1. FRIKKIE : Argh!!!!
2. EVETTE : (GIL SOOS 'n DOGTERTJIE. DAN . . ) Dit was 'n lang gesprek
3. STELLA : (BEWEEG NADER TOT OP MIK) Ja, Aunty Moira sê sy kan dit nie maak vir jou sjampanje-ontbyt vanoggend nie.
4. EVETTE : Agge nee, vir wat nie? (MEER VIR HAARSELF) Sy's sneaky.
5. STELLA : Wat bedoel jy?
6. EVETTE : Aunty Moira en ek het 'n afspraak.
7. STELLA : Frik, is die sjampanje koud?
8. FRIKKIE : In die yskas.
9. STELLA : Evette, die mense is nou-nou hier en jy's nog nie klaar aangetrek nie.
10. EVETTE : (SPOT) Niks kan sonder my gebeur nie. Ek is die ster. It's always good to be fashionably late.
11. STELLA : Waar, maar ewe waar is die vertoning begin om agt. Roer jou!
12. EVETTE : Sien jy hoe word ek mishandel in hierdie huis, Frik? En wat is Aunty Moira se verskoning dat sy nie hier kan wees nie?
13. STELLA : Sy voel nie lekker nie. Sy wil jou nie met 'n verkoue in die Kaap gaan chaperone nie. Ai, dat sy my nou so in die steek moet laat.
14. FRIKKIE : As sy siek is, is sy siek.
15. STELLA : Hoe goed is jy in die kombuis?
16. FRIKKIE : Wat wil jy hê; ek doen dit.
17. STELLA : Die baconrolletjies moet in die oond kom. En die sjampanjeglase moet uit.
18. EVETTE : Ek sal dit gou doen.
19. STELLA : Nee, gaan trek jy klaar aan.

1. FRIKKIE : Ek kan die glase uitvat.
2. EVETTE : Oukei, Dankie, Seerower. (BEWEEG WEG) Ek hoop ma het regte room gekoop vir die aarbeie.
3. STELLA : (ROEP AGTERNA) Ja, Evette. (DAN) Frik, ons moet praat.
4. FRIKKIE : Wat is fout?
5. STELLA : Moira het haar bek verbygepraat.
6. FRIKKIE : Waaroor? Teenoor wie?
7. STELLA : Evette. Oor jou. Sy's erg moerig vir ons twee.
8. FRIKKIE : Wat sê sy?
9. STELLA : Dank Vader nog niks nie.
10. FRIKKIE : Wat gaan aan, Stella?
11. STELLA : Evette wil nie bes gee oor die duet nie.
12. FRIKKIE : Ek sien so. Sy't nou-nou net met my ook gepraat.
13. STELLA : Moira dreig om Evette te vertel van jou – as ons dit nie doen nie.
14. FRIKKIE : Ek dog dis sy wat nie wou hê ons moet haar nou vertel nie.
15. STELLA : Sy't nie gedink jy gaan bly nie.
16. FRIKKIE : Moet ek gaan?
17. STELLA : Nee, natuurlik nie, Frikkie.
18. FRIKKIE : Frik!
19. STELLA : Hoekom het jy teruggekem in my lewe in?
20. FRIKKIE : Jy het my opgesoek!
21. STELLA : En jy het geen idee hoe bly ek is ek het jou gekry nie.
22. FRIKKIE : Dis lekker om dit te hoor.

1. STELLA : Ek het altyd geweet ek sal eendag vir Evette die waarheid moet vertel. Ek het net nie gedink dit gaan so gebeur nie.
2. FRIKKIE : Jy't gesê sy weet bitter min van my?
3. STELLA : Eintlik heeltemal niks.
4. FRIKKIE : Sy moes tog al uitgevra het oor wie haar pa is.
5. STELLA : Frikkie, jy moet my vergewe vir wat ek jou nou moet vertel. Evette dink ek is destyds verkrag . . . (BREEK AF)
6. FRIKKIE : Wat?
7. STELLA : En dat Moira my gekeer het om haar vir aanneming af te teken – dis waar.
8. FRIKKIE : Jy het haar laat glo sy is 'n produk van verkragting?
9. STELLA : Dit was die maklikste uitweg.
10. FRIKKIE : Ongelooflik!
11. STELLA : Niemand het vrae gevra oor wie die pa is nie en sy sou later geen rede hê om na haar 'pa' te soek nie. Ek het simpatie en aandag gekry. Ek is jammer, Frik.
12. FRIKKIE : Hoeveel verrassings het jy nog vir my? Is dit wat jy glo gebeur het daai nag?
13. STELLA : Natuurlik nie! Maar ek was skaam daaroor.
14. FRIKKIE : En toe skaam jy jou vir Evette?
15. STELLA : Miskien. Maar ek probeer dinge regmaak.
16. FRIKKIE : Dinge begin al hoe meer sin maak.
17. STELLA : Ek kan nie die duet saam met haar sing as sy nie die waarheid weet nie. Ek sal net verder vir haar lieg.

1. FRIKKIE : Wat is Moira se storie?
2. STELLA : Eintlik is Moira aan jou kant. Sy erken sy was verkeerd oor jou.
3. FRIKKIE : Sy wys dit nie.
4. STELLA : Sy sal; gee kans. Frik, ek kan jou nie weer verloor nie. Jy is die beste ding wat nog met my gebeur het.
5. FRIKKIE : En Evette met my.
6. STELLA : Sy het 'n reg om te weet dat sy 'n pa het en nie 'n stuk niks is nie. As ek haar die waarheid vertel is daar soveel waarvoor ek verantwoordelikheid moet neem.

**BYK : O.R. THAMBO LUGHAWE. BINNE-IN DIE VLIEGTUIG.**

**OORHOOFSEBAGASIERUIMTEDEURE KLAP TOE. STEMME.**

**DIE VLIEGTUIG SE MOTORE LOEI LIGGIES IN A/G.**

7. MOIRA : You're so kind. Thank you.
8. EVETTE : Verskoon tog. Dankie. Dankie.
9. MOIRA : Row 6 A and B (HOES)
10. EVETTE : Daar voor. Verskoon tog. Dankie.
11. MOIRA : Thank you.
12. MOIRA : (ROEP EFFE)Evette! Sit jou sak hierso bo in.
13. EVETTE : Maar ons sit daar!
14. MOIRA : Die kassies se deure is klaar toe; dis vol. Ons moes vroeër gewees het. Sit jou handbag hier in. So ja. Gaan jy verby, jy sit by die venster. (HOES)
15. EVETTE : Dis so exciting!
16. MOIRA : Excuse me, sir. Those are our seats next to you.

1. EVETTE : Dankie. (KREUN-KREUN SKUIF SY IN HAAR SITPLEK IN)
2. MOIRA : You're so kind. Thank you. Cattle trucks are what these things are.
3. EVETTE : My eerste keer op 'n vliegtuig!
4. MOIRA : Dis altyd opwindend om te vlieg.
5. EVETTE : (LIGTE LAGGIE) Opwindend, nogal.
6. MOIRA : Ek probeer om die taal reg te praat.
7. EVETTE : Jy's precious Aunty Moira.
8. MOIRA : Kosbaar. Jy moet jou belt in click
9. EVETTE : Dit pas nie.
10. MOIRA : Just adjust it. (HOES)

**BYK : KLINGEL EN RITSEL VAN GESPE.**

11. EVETTE : Dit wil nie verder nie.
12. MOIRA : Ons sal die hostess moet vra vir 'n extender.
13. EVETTE : 'n Wat?
14. MOIRA : 'n Extra pièce of belt.
15. EVETTE : Wag. Ek skuif dieper in.

**BYK : KLINGEL EN RITSEL VAN GESPE.**

16. MOIRA : Ons hoef net die hostess vra.
17. EVETTE : Nog een keer. (TREK HOORBAAR ASEM IN)
18. MOIRA : (HOES)

**BYK : KLINGEL EN RITSEL VAN GESPE.**

19. MOIRA : Don't be silly. Laat ek die hostess roep.
20. EVETTE : Nee, laat dit sommer net so op my skoot lê..
21. MOIRA : Hulle sal jou nie allow nie. (HOES)

1. EVETTE : Daai hoes; waar's tannie se pompie?
2. MOIRA : In my handbag. Dis van al die excitement.(HOES) Excuse me. Sir, would you mind attracting that hostess' attention for me.
3. EVETTE : Vra haar om tannie se handsak ook te kry.
4. MOIRA : Ja-ja. (HOES)

**BYK : KRUISDOOF NA BUIITE PERSPEKTIEF VAN VLIEGTUIG WAT  
OPSTYG EN KRUISDOOF DAN NA 'n BINNENSHUISE AAND  
ATMOSFEER. STADSGELUIDE IN DIEP A/G.**

5. STELLA : En nou? Sit aan die lig.
6. FRIKKIE : Uh-uh.
7. STELLA : Sit aan die lig.
8. FRIKKIE : Los dit.
9. STELLA : (LAG) Wat doen ons?
10. FRIKKIE : Kafoefel.
11. STELLA : Ons wat?
12. FRIKKIE : ('n LAGGIE) Kafoefel. (SOEN)
13. STELLA : (GIGGEL) Jy's simpel.
14. FRIKKIE : Komaan, Stella.
15. STELLA : Kul my eenkeer . . . (BREEK AF)
16. FRIKKIE : Kul jou hier, (SOEN) kul jou daar.
17. STELLA : Stop dit, Frik!
18. FRIKKIE : Het jy 'n Grandpa nodig?
19. STELLA : (LAG UITBUNDIG) 'n Grandpa! Ekskuus dat jy nie die ironie sien nie.

**BYK : FRIKKIE LOS 'n WINDJIE**

1. STELLA : (GESKOK) Frikkie!
2. FRIKKIE : Dis my ego wat afblaas. (HULLE LAG HISTERIES)
3. STELLA : Dis lekker om te lag.
4. FRIKKIE : Is dit nie.
5. STELLA : (TEER) Maar nie nou al nie, Frik.
6. FRIKKIE : Oukei.
7. STELLA : Dis nie daaroor nie.
8. FRIKKIE : My been?
9. STELLA : (LAG) Nee, man! Moenie simpel wees nie. Ek is senuagtig.
10. FRIKKIE : Hoekom is jy senuagtig?
11. STELLA : Ek weet nie. As iemand drie maande terug vir my gesê het ek sou vanaand hier op 'n sofa met jou van alle mense kafoefel, het ek gesê daai een is van sy kop af.
12. FRIKKIE : As hy gesê het ek sou van vooraf been-af wees oor jou was hy reg.
13. STELLA : Wees nou ernstig.
14. FRIKKIE : Ek is.
15. STELLA : Ons is twee stukkende mense. Wat doen ons?
16. FRIKKIE : Die regte ding.
17. STELLA : Is jy seker?
18. FRIKKIE : Ek is. En jy?
19. STELLA : Ek is bang
20. FRIKKIE : Ek wil nie hê jy moet ooit weer bang wees nie.
21. STELLA : Ek was te lank die vet dogtertjie alleen op die speelveld. Ek weet nie hoe om iets anders te wees nie.

1. FRIKKIE : Dis agter jou.
2. STELLA : Dis soms steeds vir my vreemd dat mense nie meer na my staar nie. Dis bevrydend. Mense sien my, of hulle sien my nie; sommige glimlag in die verbygaan, ander nie. En sommige sien my glad nie eers raak nie. Toe ek dit besef het ek verstaan dis nie die vet Stella wat nie raakgesien is nie. Dit gebeur met almal. Almal ervaar verwerping.
3. FRIKKIE : Ek het eenkeer uitgegaan met 'n vrou wat polio gehad het as kind en mank loop. Dit was so moeilik. Ek wou nie uitgaan met iemand wat 'n gebrek het nie; selfs al was sy andersins wonderlik. Ek dink omtrent daagliks aan haar as ek my protese aansit.
4. STELLA : My hele lewe het verander. Ek het vriende verloor. Selfs die verlede is verander. Ek het selfs nie eers meer eens goeie herinneringe van hulle wat my weggegooi het nie. Ek het hulle weggegooi.
5. FRIKKIE : Ek het myself weggegooi.
6. STELLA : Dis die eerste keer dat jy so met my praat, Frik.
7. FRIKKIE : As ek 'n persoon met 'n gebrek gesien het dan't ek anderkant toe gekyk; verbygehou. Ek wou nie met 'hulle' geassosieer word nie. Ek was kwaad; het myself gehaat. Al die verwerping, ek het dit baie persoonlik gevat en dit was my uitnodiging na nog meer self-haat. En vir lank was dit 'n uitnodiging wat ek aanvaar het, want iets was dood hier binne.
9. STELLA : Dit was 'n donker tyd.



1. FRIKKIE : Maar ek dink daar's lig aan die einde van die tunnel. Is daar?
2. STELLA : Ek dink daar is.
3. FRIKKIE : Hoe gaan ons vir Evette vertel?
4. STELLA : Ek weet nie.
5. FRIKKIE : Sing saam met haar.
6. STELLA : Ek moes saam met haar Kaap toe gevlieg het.
7. FRIKKIE : Jy sien haar Saterdagoggend. Evette is oukei. Sy het die wêreld aan haar voete.
8. STELLA : Ek is nie so seker nie. Wat gebeur as sy wen?
9. FRIKKIE : Jy sê dit asof dit 'n slegte ding is.
10. STELLA : Nie een van ons se lewens sal ooit weer dieselfde wees nie.
11. FRIKKIE : Ek hoop so!
12. STELLA : Ek probeer ernstig wees.
13. FRIKKIE : Ek ook. Ek is gelukkig, Stella. Kom saam met my.
14. STELLA : Ek is nie ongelukkig nie.
15. FRIKKIE : Trou met my.
16. STELLA : Wat! Ekskuus, dit het verkeerd uitgekom. Wat sê jy?
17. FRIKKIE : Trou met my.
18. STELLA : Ons ken mekaar rêrig eers nou maar net drie maande.
19. FRIKKIE : Dis nie waar nie. Ons ken mekaar drie maande en twintig jaar. Trou met my, asseblief Stella.
20. STELLA : (LANG POUSE) Frik.
21. FRIKKIE : Ja, Stella.
22. STELLA : Ek wag vir die ring.

1. FRIKKIE : Ek het nie een nie. Sê net ja, Stella.
2. STELLA : Oukei.
3. FRIKKIE : Oukei wat?
4. STELLA : Ja, Frik, ek sal met jou trou.
5. FRIKKIE : Jy's my bruid. Mag ek maar, Mev. Viljoen?
6. STELLA : Jy mag. (HULLE SOEN) Moira gaan van haar kopaf raak as sy hiervan hoor.
7. FRIKKIE : Bogger Moira!

**BYK : DOOF 'n MUSIEKBRUG IN EN KRUISDOOF DAN NA OGGEND**

**OP DIE BALKON VAN EVETTE SE HOTELKAMER. KLINGEL**

**VAN GLASE/EETGEREI, SEEMEEUE KRAAI OORHOOPS.**

**STADSGELUIDE IN DIEP/AG**

8. STELLA : Wat 'n indrukwekkende hotel; dis 'n ongelooflike uitsig hier van die balkon af oor die hawe!
9. EVETTE : Dis gorgeous. Hulle kyk so goed na ons.
10. STELLA : Die Kaap bly maar mooi.
11. EVETTE : En duur.
12. STELLA : Maar jou program is gek!
13. EVETTE : Dis amper klaar. Twaalf-uur die photoshoot met Gavin; twee-uur my laaste insetselonderhoud . . . (BREEK AF)
14. STELLA : Dis laat.
15. EVETTE : Ma moet sien hoe gebeur als net hier. Dis 'n masjien. Vyf-uur final dress en agt-uur we go live! Dis so 'n ongelooflike ondervinding. Ek behoort hier, Ma. Ek is by die huis. Ek is sooooo bly Ma is hier

1. STELLA : En ek.
2. EVETTE : Ma moet my kostuum sien. En dis net rooi agter my op die verhoog!
3. STELLA : Ons kan nie wag vir vanaand nie.
4. EVETTE : Ek is een trappie weg van twee honderd en vyftig duisend rand wen.
5. STELLA : Dis so fantasties! Ek is net so opgewonde oor iets.
6. EVETTE : Vertel.
7. STELLA : Ek wil jou eers 'n ernstige vraag vra. O ja, eers, Aunty Moira lyk glad nie vir my goed vanoggend nie.
8. EVETTE : Sy was fine gisteraand.
9. STELLA : Die hoes wil nie weg. Plaas het jy my vroeër al laat weet het.
10. EVETTE : Blameer Aunty Moira vir daai een. Sy wou nie hê ek moet iets sê nie. Ma sou net worry.
11. STELLA : Ek worry, dis my werk. Sy is so trots op jou.
12. EVETTE : Ek weet.
13. STELLA : En ek.
14. EVETTE : En dit weet ek ook.
15. STELLA : Oukei, wat dink jy van Frik.
16. EVETTE : Ek dink die seerower is nogal lief.
17. STELLA : Lief?
18. EVETTE : Ja, hy's cool.
19. STELLA : Frik het my gevra om te trou.
20. EVETTE : Is ma ernstig?
21. STELLA : Soos borskanker, my kind.
22. EVETTE : En wat het ma gesê?

1. STELLA : Ek het ja gesê.
2. EVETTE : (TIENERMEISIE GIL) Oooooo! Hoe cool is dit? Ma en die seerower!  
Dis fantasties! En wanneer nogal?
3. STELLA : Ek weet nie. Ons het nog nie 'n datum nie. Ons wou eers met jou praat.
4. EVETTE : Vir wat? Ma is mos mooi groot. Ons moet sjampanje kry. Room service kan bring. 'Ons' nogal?
5. STELLA : Jy reageer heeltemal anders as wat ek verwag het.
6. EVETTE : Ek's jammer. Hoe wou ma hê moes ek reageer?
7. STELLA : (BEGIN HUIL EN *AD LIB* DIE TRANE TOT AAN DIE EINDE VAN DIE TONEEL) Presies nes jy gedoen het.
8. EVETTE : Nou waaroor die trane?
9. STELLA : Ek is gelukkig. Ek dink ek is vir die eerste keer in my lewe gelukkig.
10. EVETTE : En dit wys, Ma.
11. STELLA : Is jy gelukkig?
12. EVETTE : Op die oomblik is dit 'n simpel vraag, Ma.
13. STELLA : Nou hoekom wys dit nie op jou nie, my kind?
14. EVETTE : Hoe kry ma dit reg om so maklik op my battery te pis?
15. STELLA : Evette, jy is op die drumpel van 'n verskriklike groot verandering in jou lewe. Ek is jou ma. Ek ken jou beter as enige ander persoon op hierdie aarde.
16. EVETTE : Ma, nie nou nie. Wat doen Ma?
17. STELLA : Ek moes lankal hierdie gesprek met jou gehad het. Ek is so verskriklik jammer.

1. EVETTE : Ma maak my bang.
2. STELLA : Ek weet van jou afspraak met Aunty Moira as jy vanaand wen.
3. EVETTE : Ma.
4. STELLA : Ek kan nie met Frik trou as jy nie voor jy vanaand op daardie verhoog stap die waarheid weet nie.
5. EVETTE : Dis nie nodig nie. Ander dag.
6. STELLA : Nee, Evette! Ek het ook eers so gedink. Ander dag, ander dag! Maar met hoe jy nou net gereageer het, weet ek dat dit wat ek vir jou moet sê mense die regte Evette gaan laat sien vanaand. Jy was nog altyd spesiaal.

**BYK** : **CHERYL GIGGEL.**

7. EVETTE : (GEDAGTESTEM) En vir jou sê ek dieselfde ding. Nie nou nie.
8. STELLA : Jy is honderd persent seker?
9. EVETTE : Trou met die man, Ma. Dit sal nogal kief wees om 'n stiefpa te hê.
10. STELLA : Hy's nie jou stiefpa nie.
11. EVETTE : Oukei, Ma se man.
12. STELLA : Hy is jou pa.
13. EVETTE : Come again.
14. STELLA : Frik is jou pa.
15. EVETTE : Is ma van ma se kop af?
16. STELLA : Voor jy op daardie verhoog stap vanaand moet jy weet jy is nie 'n niks mens nie.
17. EVETTE : (HUIL NOU OOK) Ek's klaar met daai issues, Ma.

1. STELLA : Net ek weet waar daai wond in jou hart is. Ek het die mes daar ingedruk.
2. EVETTE : Ek is daaroor. Die seerower is my pa?
3. STELLA : Ja, Evette.
4. EVETTE : Ma het my vertel ma is. . . (BREEK AF)
5. STELLA : Dis nie waar nie. Dis my storie; ek het dit joune gemaak. Jou ouma – my ma – is verkrag. Ek was die niks mens – nie jy nie. (DOOF STADIG UIT) Frik was kroegman by After Dark, dit weet jy. Die aand toe ek die laaste keer gesing het. . .

**BYK : VERSKUIF DIE TONEEL NA DIE INTERIEUR VAN MOIRA SE HOTELKAMER TOE.**

6. MOIRA : Hoe laat kom die matroos.
7. STELLA : Sy vlug land half-ses. Daar is nie vir hom tyd om eers hiernatoe te kom nie. Ek kry hom by die arena. Dankie, vir alles wat jy oor die jare vir my gedoen het, Moira; en vir wat jy vir Evette beteken.
8. MOIRA : Ek wens ek kon sê dit was sommer niks. Ek joke. (HOES) Dis die beste ding wat jy kon gedoen. (HOES) Hou op worry.
9. STELLA : Ek het nie Evette se reaksie verwag nie.
10. MOIRA : Surely tog jy het gesien die konneksie met Evette en die matroos. Dit is daar sonder dat jy 'n woord hoef te gesê.
11. STELLA : Ons het net gehuil en gehuil; sonder ophou. Nie dat een van ons wou ophou nie.
12. MOIRA : (HOES) Is jy sure Evette is okay?

1. STELLA : (OPGEWONDE) Ja, Moira!
  2. MOIRA : En jy?
  3. STELLA : Vir die eerste keer in my lewe is ek rêrig, rêrig gelukkig. Evette is oukei. She's going to be just fine.
  4. MOIRA : Dan is my werk gedoen. (HOES)
  5. STELLA : Is jy seker jy gaan oukei wees hier op jou eie?
  6. MOIRA : I'll be fine. Dis 'n twintig vloer hotel. I'm hardly alone.
  7. STELLA : Het jy jou pompie?
  8. MOIRA : Ja-ja! Gaan! Gaan kry joune.
  9. STELLA : Moira!
  10. MOIRA : Oh live a little, Stella! Gaan kry vir Frikkie en maak hom joune. Mrs. Stella Viljoen. Ek kan nie meer byhou by julle jonges nie.
  11. STELLA : Evette gaan so teleurgesteld wees dat jy nie daar is nie.
  12. MOIRA : Sy sal nie eers weet nie. Ek sal meer op die television sien anyway. I'll see you all in the morning.
  13. STELLA : (BEWEEG WEG) Bel as jy iets nodig het.
- BYK : HOTEL KAMERDEUR OOP.**
14. MOIRA : Vra Evette moet my bel na sy gewen het.
  15. STELLA : (VAN VÊR) Ons sal probeer. Bye!
- BYK : HYSBAK SE KLOKKIE PIENG IN A/G. HOTEL KAMERDEUR**
- MAAK TOE**
16. MOIRA : Ja-nee, my work is done.

**BYK : KRUISDOOF DAN NA EVETTE SE KLEEDKAMER MET DIE  
MAGIESE ONDERTOON IN A/G. DIE GEROESEMOES IN DIE  
GANG IS HOORBAAR IN DIEP A/G.**

1. CHERYL : Kyk in die spieël.
2. EVETTE : Nee.
3. CHERYL : Kan nie vat wat jy sien nie?
4. EVETTE : Ek het so pas die oorlog gewen.
5. CHERYL : Dream on! Dit help nie jy vee die glitter af nie. Ek is ONDER jou vel.
6. EVETTE : Ek haat jou
7. CHERYL : Ek is jy. Jy haat jouself. Jou ma is toe tog reg. Los so bietjie glitter aan, ag toe. (GIGGEL)
8. EVETTE : Ek is nie 'n niks mens nie.
9. CHERYL : Jy is. Sonder my is jy niks. Ek is die vermaak.
10. EVETTE : Jy is 'n vuilbek tert wie lyk asof Koning Midas haar oral met sy kort dik vingertjies bygekom het.
11. CHERYL : Uit die mond van die suigeling!
12. EVETTE : Ek is nie jy nie!

**BYK : INSLUITENDE DIE RES VAN HIERDIE SPREEKBEURT, BREEK  
AL CHERYL SE VOLGENDE SPREEKBEURTE OP SOOS DIT IS  
MET SWAK SELFOON ONTVANGS. BEGIN GELEIDELIK EN  
VERMEERDER DIE STEURINGS EN/OF BREUKE TOT SO MATE  
DAT CHERYL SE LAASTE SPREEKBEURT OMTRENT NIE  
VERSTAANBAAR IS NIE. DOOF MAGIESE ONDERTOON EERTS  
TEEN SPREEKBEURT 4 OP BLADSY 48 HEELTEMAL UIT.**



1. CHERYL : Nou sê dan vir my koebaai – as jy die guts het. Is jy reg om te sien wie jy werklik is, Evette?
2. EVETTE : Gaan net weg!
3. CHERYL : Kyk vir my in die spieël.
4. EVETTE : Nee.
5. CHERYL : Kyk vir my!
6. EVETTE : Ek moet leer om jou te ignoreer.
7. CHERYL : Het jou ma jou nooit vertel nie? Dit werk nie. Sê koebaai!
8. EVETTE : (DOEN STEM TOONLERE)La-la-la-la-la-la . . . (BREEK AF)
9. CHERYL : Sê koebaai, Evette!
10. EVETTE : (STEM TOONLERE)La-la-la-la-la-la . . .
11. CHERYL : (LAG EN PRAAT DAN BO-OOR EVETTE SE TOONLERE.) Jy kry nie al die glitter af nie, kry jy? Over-the-top Evette is te pateties; nes haar ma te bang niemand hou van haar as hulle sien wie sy werklik is nie.
12. EVETTE : Hoekom doen jy dit aan my?
13. CHERYL : Want jy is 'n leuenaar en 'n bedrieër. Ek haat leuenaars en bedrieërs.
14. EVETTE : Is ek van my kop af! (HAAL 'n PAAR KEER DIEP ASEM)
15. VERHOOG : (OP LUIDSPREKER FILTER) Evette, staan gereed op die verhoog  
BESTUURDER  
asseblief. Evette, staan gereed op die verhoog.
16. EVETTE : Chill. Ek is nie 'n niks mens nie!

**BYK : DEUR OOP. GANG GEROESEMOES HARDER. KRUISDOOF DAN**

**STADIG NA DIE AANBIEDER SE PERSPEKTIEF OP DIE**

**VERHOOG.**

1. AANBIEDER : Suid-Afrika Het Talent, dames en here! Vanaand sing ons twee finaliste, Gavin Ramsamy en Evette, vir 'n allemintige twee-honderd-en-vyftig-duisend rand se prysgeld. Dis 'n taai stryd. Gavin Ramsamy het die gehoor op hul voete gehad verlede week; en toe kom Evette! Enigeen kan vanaand wen. Maar dit hang alles van u stem af

**BYK** : **MET 'n VINNIGE KRUISDOOF VERSKUIF PERSPEKTIEF NA MOIRA SE HOTELKAMER WAAR DIE TV HARD AAN IS IN DIE A/G.**

2. MOIRA : (HOES / TEUG AAN ASMAPOMPIE / HYG NA ASEM.)

3. AANBIEDER : (FILTER - OP DIE TV IN DIE A/G) Die beoordelaars het geen seggenskap meer nie. Dit is nou in u hande! Die lyne sluit om 9-uur vanaand.

4. MOIRA : Ja-ja - just get to it!

**BYK** : **IN 'n VINNIGE KRUISDOOF SNY TERUG NA DIE AANBIEDER SE PERSPEKTIEF OP DIE VERHOOG.**

5. AANBIEDER : Eerste op vanaand is Evette. Dít, was haar reis.

**BYK** : **KORT MUSIEK INSETSEL; 'n KLINGEL. BEGIN INSETSELONDERHOUD BO-OOR KLINGEL EN DOOF DIE KLINGEL DAN UIT.**

6. EVETTE : (OP FILTER – ARENA SE KLANKSTELSEL) Dit was tough; is steeds. En vanaand lê nog voor. Maar julle gaan 'n heel ander Evette sien vanaand. Niks glitter nie.

1. AANBIEDER : (OP FILTER – ARENA SE KLANKSTELSEL) Van die eerste oudisies af het Evette uitgestaan as iemand waarmee rekening gehou moet word. Haar ongewone stem, uitspattige kostuums en uitgesprokenheid het haar gou die publiek se liefling gemaak.
2. EVETTE : Dis vreemd om selfs sonder my make-up op straat herken te word. Ek kan daaraan gewoon raak.(LAGGIE) Ek moes deur die eerste rondtes bitter hard veg om in die kompetisie te bly, maar ek veg al my hele lewe teen boelies so dit was niks snaaks nie.
3. AANBIEDER : Al het Evette gereeld met die beoordelaars koppe gestamp was dit die publiek se stem wat haar deurgedra het.

**BYK : MET 'n VINNIGE KRUISDOOF VERSKUIF PERSPEKTIEF TERUG NA MOIRA SE HOTELKAMER TOE WAAR DIE TV HARD AAN IS IN DIE A/G.**

4. MOIRA : (HOES) Ai-jai-jai!
5. EVETTE : (FILTER - OP DIE TV IN DIE A/G) Ek is bly dat ek 'n stem vir jong vroue is. Die mode- en media industrie kan nie langer daarmee wegkom om vroue in boksies te probeer druk waarin ons nie pas nie. Vliegtuigsitplekke ook nie so by the by. (POUSE. DAN TRANERIG)) En dit sê ek vanaand vir almal; en spesiaal vir my peetma, Aunty Moira, Ek is nie 'n niks mens nie. Niemand is nie. I love you.
6. MOIRA : Oh, my darling child. (BEGIN VREESLIK HOES. TEUG AAN ASMAPOMPIE. HYG NA ASEM.)

**BYK : VINNIGE KRUISDOOF. VERSKUIF PERSPEKTIEF TERUG NA LEWENDIG OP DIE VERHOOG IN DIE ARENA.**

1. AANBIEDER : (OP MIK) Sonder haar kenmerkende glitter vanaand, hier is sy dames en here! Evette!

**BYK : APPOUS EN WOLWEFLUITE. WEEREENS MET 'n VINNIGE KRUISDOOF, VERSKUIF PERSPEKTIEF TERUG NA MOIRA IN HAAR HOTELKAMER MET TV STEEDS HARD AAN IN DIE A/G. SY SKAKEL 10111 VAN HAAR SELFOON AF. EEN OF TWEE LUITONE DAN ANTWOORD DIE OPERATEUR.**

2. OPERATEUR : (OP TELEFOON FILTER) 10111. Wat is u noodsituasie?
3. MOIRA : (HOES / HYG NA ASEM) I can't breathe.
4. OPERATEUR : Where are you madam?
5. MOIRA : (HOES/HYG) Blue Bay Hotel (HYG NA ASEM) room . . . Please, I cannot breathe!

**BYK : BEGIN \*MUSIEK [Die snit "Of Death and Dying" van Hans Zimmer op die CD 'The Power of One'] DOOF DAN 'n AMBULANS SIRENE IN GEVOLG DEUR DIE BIEP-BIEP VAN 'n HARTMONITOR. DIE AMBULANS VERDWYN IN DIE VÊRTE. HOU DIE HARTMONITOR SE BIEPS VIR 'n MOMENT EN DAN 'FLATLINE' DIE MONITOR. DOOF MONITOR NOU HEELTEMAL UIT. DOOF NOU STADIG DIE ATMOSFEER VAN 'n VOL KERK OP DIE AGTERGROND IN. BEHOU DIE MUSIEK EN DOOF DIT EERS UIT OP 1 MINUUT 33 SEKONDES.**

\*

Hierdie is die enigste voorskriftelike gebruik van musiek in die teks. Dit is noodsaaklik dat spesifiek die eerste 93 sekondes van die snit gebruik word aangesien dit agtergrond verskaf vir die laaste sinne in spreekbeurt 1 op die volgende bladsy.

1. EVETTE : Is ma oukei?
2. STELLA : Ek is reg.
3. FRIKKIE : (EGGE WEG) Dankie, dat almal gekom het. Ons is jammer  
verrigtinge loop so effe laat. Sodra die ekstra stoele daar agter in is  
kan ons begin.
4. STELLA : Moira kiewel in haar kis oor dié oordadigheid.
5. EVETTE : As dit nie vir haar was nie het ek nie gewen het. Sy verdien dit.  
Ignoreer die kameras, Ma.
6. STELLA : Dis 'n begrafnis!
7. EVETTE : Ons het geweet nie een van ons sê lewens sal ooit weer dieselfde  
wees nie.
8. FRIKKIE : (POUSE) Almal het 'n begrafnisbrief gekry; ek wil net 'n verandering  
noem. Die draers by die kerk is nie soos in die begrafnisbrief  
aangedui nie. Moira se familie het ingestem dat personeel van After  
Dark hier by die kerk optree. Die draers by die graf bly dieselfde.  
Dames en here, After Dark se sekuriteitsspan het aangedring daarop  
om Moira op hul skouers in die kerk in te bring. Ons vra dus dat u sal  
seker maak dat die paadjie skoon is; en dat u sal staan as die kis die  
kerk binnekom.
9. EVETTE : Onthou ma lei met die twee strofe.
10. FRIKKIE : Sal almal staan asseblief.

**BYK : 'n PYPORREL BEGELEI STELLA EN EVETTE VIR DIE AVE  
MARIA, OF ANDER GEPASTE DUET. SPEEL UIT DAARMEE.**